


# Koringfokus

VOL 34.6

NOVEMBER • DECEMBER 2016

# Wheat focus



**HAWENS HANTEER DRUK**

**New leader for Small  
Grain Institute**

**International focus on SST843**

**Vals-kommandowurms se getalle**

# Canola

**agricol**  
aan die groei



## KULTIVARS

### Garnet

- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengs:** Baie stabiel oor jare
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Goed
- **Planthoogte:** Gemiddeld
- **Weerstand teen omval:** Baie goed
- **Baie wyd aangepas:** Stabiele opbrengs

### Diamond

- **Groeiseisoen lengte:** Kort – Medium
- **Opbrengs:** Garnet + 18% in Australiese kultivarproewe
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Weerstand teen omval:** Baie goed

*Alternatief vir Garnet*

### CB Atomic HT

- **Groeiseisoen lengte:** Medium – effe vinniger as CB Jardee HT
- **Opbrengs:** Verbetering op CB Jardee HT
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Ooreenstemmend met CB Jardee HT
- **Planthoogte:** Soos CB Jardee HT
- **Weerstand teen omval:** Uitstekend

*Nuwe generasie TT-Baster. Alternatief vir CB Jardee HT*

### Agamax

- **Groeiseisoenlengte:** Kort – Medium
- **Opbrengs:** Uitstekend – Wenner van opbrengskompetisie
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Weerstand teen omval:** Uitstekend met bespuiting op 6-blaar stadium

*Droogtebestand – Stabiele opbrengs oor jare*

### CB Tango C

- **Groeiseisoen lengte:** Kort
- **Opbrengs:** Aangepas tot laer reënval areas
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Weerstand teen omval:** Baie Goed. Kan direk gestroop word.

*Alternatief vir Garnet en Agamax in laer reënvalsones*

### ATR Gem

- **Groeiseisoen lengte:** Medium
- **Opbrengs:** Tawriffic + 35% in Australiese kultivarproewe
- **Swartstamweerstand:** Medium
- **Groeikragtigheid:** Verbetering op Tawriffic
- **Planthoogte:** Korter as Tawriffic
- **Weerstand teen omval:** Baie goed

*Alternatief vir Tawriffic en CB Jardee HT*

**Brackenfell (Hoofkantoor):** 37 Eagle Straat, Brackenfell, 7560 | Posbus 300, Brackenfell, 7561  
Tel: (021) 981 1126 | Faks: 086 532 1555 | Epos: info@agricol.co.za | [www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za)

#### TAKKE:

**George:** (044) 878 2408  
**Howick:** (033) 330 2765

**Kimberley:** (053) 841 0675  
**Port Elizabeth:** (041) 373 9894

**Potchefstroom:** (018) 294 7470  
**Pretoria:** (012) 803 6033



# Koringfokus

## Wheat focus

VOL 34.6

NOVEMBER • DESEMBER 2016

REEDS 35 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF  
THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY  
FOR THE PAST 35 YEARS

### VOORBLAD

Die kleingraanseisoen verloop vanjaar goed, saadmaatskappye kan 'n finansiële hupstoot kry vir kultivarnavorsing en die Koringforum kon van verskeie positiewe ontwikkelinge verneem. Mag die feestyd ook speelyd vir ons boere wees.

*Koringfokus / Wheat Focus* verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraaninstituut; SA Graaninligtingsdiens; Wintergraantrust & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan *bona fide*-kleingraanprodusente



**MEDIAKOM**

### Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediakom**  
**Posbus 20250**  
**Noordbrug**  
**2552**

Tel: 018 293 0622

Faks: 086 606 5719

E-pos: [mediacom@intekom.co.za](mailto:mediacom@intekom.co.za)

[www.mediacomcc.co.za](http://www.mediacomcc.co.za)

**REDAKTEUR:** Willie Louw  
**ADVERTENSIES:** Jana Greenall  
- 011 476 3702  
**UITLEG:** Alouise J van Vuuren  
- 083 333 6630

### KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die betekeniswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

## AGRI-INFO

- 4 Koringforum speel belangrike bedryfsrol
- 5 Hawens hanteer druk van ingevoerde koring
- 6 New leader appointed for ARC-Small Grain Institute
- 6 Small Grain Institute moving forward
- 7 Gars en koring stig maatskappy om teling te bespoedig
- 9 Commercial wheat quality analysed
- 16 SA landbou floreer vóór die droogte
- 16 Gars se potensiaal in besproeiingsgebiede steeds goed
- 17 Nuwe verwickelinge met basterkoring
- 21 Uitblinkers kry beurse vir landboustudie
- 27 Kanola stoot weer sy bors uit
- 28 Skog: 'Versterk die landbousektore wat gedy'
- 30 Agrico en Dripco sien toekoms saam
- 30 Stop lightning from destroying the borehole pump

## KLEINGRAAN

- 10 Vals-kommandowurms se getalle wissel: Meer van een, minder van die ander
- 12 International focus on SST843's unique attributes
- 12 Preliminary results confirm performance
- 14 Long term objectives in SST843 research
- 20 The good, the bad and the ugly in agriculture – where do insects fit in?
- 22 Current status of wheat rusts in South Africa


## MARKET-INFO

- 15 Produkte van koring
- 24 SAGIS: Koringmarksituasie
- 26 SAGIS: Gars, hawer en kanola se marksituasie



Vals-kommandowurms se motvlugte

10



Insects – the good, bad and ugly

20



Kanola stoot weer sy bors uit

27



SKOG se boeredag

28





Allan Bishop, voorsitter van die Koringforum, en Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA, het plaaslike graan-sake oor 'n koppie koffie bespreek.

# Koringforum speel belangrike bedryfsrol

Die Suid-Afrikaanse kleingraanbedryf het bepaald 'n gefokusde organisasie soos die Koringforum nodig om hom te rig, vir sy belange te veg en te verseker dat hy aan die voorpunt van die jongste bedryfs-ontwikkelinge staan.

## Johann van Zyl

**“DIE KLEINGRAANBEDRYF**, soos die meeste ander landboubedrywe, het met diepgaande veranderinge te make en elke nuwe jaar bied nuwe uitdagings,” sê Allan Bishop, voorsitter van die Koringforum. “Ek glo dat die Koringforum, 'n vrywillige organisasie, die gladde funksionering van die bedryf verseker deur sy betrokkenheid by navorsing, statutêre heffings, kleingraangehalte, bemaking en verbeterde verhoudinge met die regering.”

Bishop, een van die sprekers tydens die Koringforum-vergadering aan die einde van Oktober in Pretoria, het gemaak dat dié bedryf ook in die toekoms op sy tone sal moet bly. “Ons moet deurlopend daarvan bewus wees dat plaaslike produksie die afgelope jare geleidelik aan die daal was, onder meer omdat ander gewasse winsgewender verbou kon word. Daarom kry bedryfsake deurlopend die aandag en is dit die reëlingskomitee se strewende om die bedryfsgewing vir produsente deurlopend te verbeter.”

Hy is opgewonde dat daar in die afgelope seisoen goeie vordering gemaak is om die plaaslike bedryf weer vir boere 'n voorkeurbedryf te maak, het Bishop gesê.

Luan van der Walt, ekonoom van Graan SA, het bevestig dat daar die afgelope drie seisoene 'n welkome ommekeer was in die oppervlakte wat vir koringaanplantings benut is. “Dit was die geval ondanks die feit dat daar 'n oorvloed koring wêreldwyd beskikbaar is en pryse ongestadig is. Die uitwerking van die wisselkoers kan uiteraard ook nie buite rekening gelaat word nie. Dit

is egter nie net koring wat die slagoffer van dié onsekerhede is nie.”

Van der Walt het na stewige oppervlak- en produksie-toenames in die Vrystaat en Wes-Kaap in die huidige seisoen verwys en gesê dat, hoewel die klimaat koringaanplantings begunstig het, produksiegroei van meer as 130 000 ton in die Vrystaat en 200 000 ton in die Wes-Kaap aangename nuus vir die bedryf is. “Groter plaaslike oeste het laer invoer en 'n kleiner valuta-uitvloei tot gevolg en dit is goeie nuus vir die bedryf maar ook vir die land se finansies.”

## KORINGSTATISTIEKE

Nico Hawkins, hoofbestuurder van die SA Graaninligtingsdiens (Sagis), het gesê dat die 2016/17-vooruitskatting vir plaaslike koringproduksie op 'n toename tot 1,662 miljoen ton dui. Dit vergelyk met 'n landsoes van sowat 1,406 miljoen ton die vorige seisoen. “Dit kan daartoe lei dat die invoer van koring van sowat 2,06 miljoen ton tot 1,5 miljoen ton daal. Dit beteken 'n stewige daling in invoerkoste maar ook groter uitvoerverdienste vir die land.”

Volgens Hawkins neem die wêreldproduksie van koring egter steeds toe en dit inhibeer pryse. Die verwagting is dat die produksie van sowat 736 miljoen ton in die 2016/17-seisoen tot sowat 747 miljoen ton kan toeneem. “Dit kan die beraamde oordragvoorraad van sowat 218 miljoen ton tot 231 miljoen laat styg.”

Hawkins het heelwat ander insiggewende koringstatistieke met die teenwoordiges gedeel, insluitend die volgende:

- Suid-Afrika het in die tydperk van 1 Oktober verlede jaar tot einde Sep-

tember vanjaar verreweg die meeste van sy koring van Rusland ingevoer. Dié invoer het 963 141 ton beloop, wat byna die helfte (46,54%) van die totale invoer uitgemaak het. Die tweede grootste invoerdeel (283 451 ton, oftewel 13,7% van die totaal) het van Duitsland gekom, gevolg deur Amerika se 186 608 ton (9,02% van die totale invoer).

- Verreweg die meeste koring wat deur Suid-Afrika ingevoer word, kom deur die Durban-hawe. Dié hawe het in die afgelope seisoen 82,6% van die totale koring-invoer gehanteer, gevolg deur Kaapstad met 8,05%. Altesaam 73 skepe het koring na SA hawens vervoer – afkomstig van 10 verskillende uitvoerlande. Die meeste koring, 14 skepe vol, is in Oktober afgelaai.
- Plaaslike koringuitvoer van 53 974 ton het hoofsaaklik na Zimbabwe (47,9% daarvan), Namibië (24,98%) en Botswana (10,85%) gegaan.
- Suid-Afrikaners het in die jaar tot einde 31 Augustus vanjaar gemiddeld 58,48 kg koringprodukte per kop verbruik, waarvan pangebakte brood 38,5 kg per capita beloop het. Mielieverbruik per kop was 61,15 kg – dus nie veel meer per persoon nie.
- Die voorkeurbrood in Suid-Afrika is steeds witbrood. Verkope van witbrood het 49,7% van totale verkope uitgemaak, gevolg deur bruinbrood (48,6%). Volgraan- en ander brood het dus nie eens 'n volle 2% van die totaal beloop nie.
- Die broodprys het, volgens syfers van Statistieke SA, van gemiddeld R11,98 (vir 'n 700 gram-witbrood) in 2015 tot R13,34 in 2016 gestyg (+11,35%). ♣



# HAWENS HANTEER DRUK VAN INGEVOERDE KORING

## Sanet Flynn

SA GRAANINLICHTINGSDIENS

**A**S GEVOLG VAN die stremende droogte en swak oeste wat die Suid-Afrikaanse landbou die afgelope twee seisoene ernstig gekniehalter het, het onderwerpe soos voedselsekerheid dikwels na vore gekom. Daarbenewens was daar heelwat kommer of die land se hawens die verhoogde invoeraktiwiteit sal kan hanteer.

Gedurende Desember 2015 is werksessies tussen belangegroep gehou om die implikasies van verhoogde invoer op die verskillende hawens te bespreek en sekere logistieke reëlings te tref.

Sedertdien is 'n rekordtotaal van 2 346 721 ton koring vir die 2015/16-bemarkingseisoen deur Suid-Afrikaanse hawens gehanteer. Dit het invoer vir die plaaslike mark, asook deurvoer na ander lande ingesluit. 'n Totaal van 73 bote vanaf tien lande het by die vyf hawens aangedoen en in totaal is 197 keer by 'n kaai vasgemeer.

Die gemiddelde tonnemaat per skip was 32 147 ton. Die grootste skip, die JS Normada met 54 231 ton koring aan boord, was van die Russiese Federasie afkomstig. Die kleinste skip was die Yellowstone vanaf die VSA met 6 599 ton koring aan boord. Die meeste invoer het gedurende Oktober 2016 plaasgevind waartydens 14 skepe die vyf hawens besoek het (**Tabel 1**).


Durban se hawe het 82,6% van die totale 2,3 miljoen ton koring-invoer behartig. Kaapstad se hawe het die tweede meeste koring gehanteer (187 210 ton). Oos-Londen, Port Elizabeth en Richardsbaai het saam 216 921 ton van die totale hoeveelheid koring gehanteer (**Figuur 1**).

Met die verhoogde koringinvoer, asook ander gewasse soos sojabone, mielies en sorghum, blyk dit asof daar geen noemenswaardige probleme by hawens ondervind was om dié invoerdruk te hanteer nie. ♡

Tabel 1.

Totale invoer (RSA + ander)	2 346 721 ton
Getal skepe	73
Getal lande	10
Getal hawens afgelaai	5
Geriewe besoek	197
Gemiddeld per skip	32 147 ton
Grootste skip: JS Normada - Russiese Fed.	54 231 ton
Kleinste skip: Yellowstone - VSA	6 599 ton
Bedrywigste maand	Oktober - 14 skepe

Bron: SAGIS



Figuur 1. Weeklikse koringinvoer per hawe

5



## EXPAND YOUR OPERATION

MEET GOALS, INCREASE PROFITS AND SAVE TIME.  
TURN YOUR PLANS INTO A REALITY.

**Plan for your future with a complete farm system from GSI**  
Whether you are planning to farm more hectares or want to increase your marketing flexibility, use our expertise to design a system to meet your specific grain facility needs with the utmost efficiency.

124 Ridge Road, Laser Park, Honeydew, Ext 15, Gauteng | P O Box 4012, Honeydew, 2040, South Africa  
Phone: +27 (011) 794 4455, | Fax: +27 (011) 794 4515 | Email: sales@gsiafrica.co.za | Website: www.gsiafrica.co.za

# New leader for ARC-Small Grain Institute

## Elri Burger

ARC-SMALL GRAIN INSTITUTE, BETHLEHEM

**D**R TOI JOHN TSILO was appointed as the Senior Manager Research: Small Grain Institute (SGI).

In January 2011, Dr Tsilo was initially appointed as a Senior Researcher/ Biotechnologist at the SGI. In 2013 he was promoted as a Research Team Manager for the Germplasm Development and Biotechnology Programme. Prior to his appointment at the ARC, from 2009 to 2011, Dr Tsilo was a Post-Doctoral Scientist/Research Associate in the Department of Agronomy and Plant Genetics at the University of Minnesota.

He also worked at the same University as a Research Assistant during 2004 to 2008, while studying. Earlier to that, he worked for the Free State Department of Agriculture as an Agricultural Scientist responsible for farming information in the Free State from 2003 to 2004.

Dr Tsilo holds a PhD in Plant Breeding/ Plant Molecular Genetics from the University of Minnesota, where he also obtained an MSc in Applied Plant Sciences. His junior degree studies were at the University of the North (now University of Limpopo) where he obtained a BSc Agric degree, *cum laud*.

Dr Tsilo serves in several editorial boards as a member and associate editor. He has international scientific stan-



Dr Toi Tsilo

ding with several research publications in top tier international journals. He is an adjunct professor and is affiliated with several universities in South Africa and advisor to MSc, PhD and post-doc candidates. His vision is to build research capacity and position Small Grain Institute as a leader in research and development.

Dr Tsilo grew up in Qwaqwa in the Free State. He is married to Tsepiso, a Research Technician at the SGI, and they have a son Learnmore. 🐾

## Gars en koring stig maatskappy om teling te bespoedig



Andries Theron

Andries Theron, ondervoorsitter van Graan SA, en Patrick Graham van Sensako is as voorsitter en ondervoorsitter aangewys van die nuwe maatskappy wat die eindpuntheffing op koring en gars gaan administreer.

**D**IE NIE-WINSGEWENDE maatskappy, SA Kultivar en Tegnologie-agentskap (SACTA), is gestig nadat Graan SA, Agbiz Grain, Sansor en die LNR-Kleingraaninstituut die minister van landbou, bosbou en visserie versoek om 'n statutêre heffing in te stel op koring en gars wat plaaslik geproduseer en verkoop word. Die doel van die heffing is om telers van koring- en garskultivars te vergoed vir hul bydrae tot die verkryging en benutting van verbeterde internasionale en plaaslike agri-verwante intellektuele eiendom tot voordeel van die plaaslike koring- en garsbedryf.

Aparte rekeninge sal vir die koring- en garsheffing geadministreer word en geen kruissubsidiëring gaan tussen die onderskeie kommoditeite plaasvind nie.

SACTA se direksie bestaan tans uit Andries

Theron en dr Marinda Visser van Graan SA, Patrick Graham en John Odendaal van Sansor en Mariana Purnell van Agbiz. Die departement van landbou, bosbou en visserie moet nog hul direkteur aanwys. Die direksie mag self ook drie direkteure benoem.

Volgens aanduidings stel bedryfsorganisasies van ander selfbestuierende gewasse soos sojabone ook belang om die model van eindpuntheffings toe te pas. Hulle sal moontlik ook by SACTA aansluit.

SACTA se kantoor is voorlopig gesetel in Graan SA se gebou, Blok C, Alenti Office Park, Witheriteweg 457, Die Wilgers, Pretoria-Oos met telefoonnommer 086 004 7246 en e-posadres [sacta.awie@graingrowers.co.za](mailto:sacta.awie@graingrowers.co.za). Awie Coetzee is voorlopig betrokke by die administrasie van SACTA en kan ook gekontak word by 082 818 9620. 🐾

# Small Grain Institute moving forward



ARC-Small Grain Institute (SGI), previously Small Grain Centre, was established in 1976 as a Research Centre and became an institute in 1995. During the early seventies, Dr Norman Borlaug, father of the Green Revolution and Nobel Peace Prize laureate, was invited to review the small grain research programme of South Africa. His recommendation was that fragmented efforts were combined into one organisation.

## Dr Toi Tsilo

SENIOR MANAGER – ARC-SMALL GRAIN INSTITUTE

**THE INSTITUTE HAS** a long standing relationship with the Winter Cereal Trust as the main stakeholder and industry role player. The main function of the Institute is to conduct research and development activities on small grains including wheat, barley, oats and triticale. As part of the ARC Field Crops Division it continues to contribute significantly to South Africa's food security. The SGI's vision was to enhance the quality of life of all South Africans through the provision of high-yielding cultivars with excellent end-use quality, sustainable production systems and related technological products. Over the years, South African small grain farmers have always had an opportunity to buy seeds or be supplied with seeds of our best performing cultivars. Millers and bakers have also had access to high quality grains and flour to keep the industry competitive.

As part of the mandate on small grains, researchers conduct research with partners (local and international) and also develop human capacity through training of students. As we move forward, the recommended strategy is along the same recommendation made by Norman Borlaug in the seventies. This time around, we are engaged in upscaling our outputs by partnering with universities. Efforts are underway to get several of ARC-SGI's researchers affiliated with universities to boost South Africa's research capacity and research outputs by re-positioning institutions and organisations for effective use of human capacity and even better funding opportunities. Through this engagement we are hoping to re-position the small grain research landscape and to provide an opportunity

to retain outstanding researchers.

On a need-driven basis, SGI researchers will be available to assist universities in offering specialised lectures on areas of co-operation. Research is undertaken on a need basis, covering both public good research and industry based research.

ARC-SGI researchers will continue to foster innovation. We are committed to using the cutting edge technologies of high throughput infield or greenhouse phenotyping, imaging and all other generations of new sequencing technologies in order to increase our prediction accuracy and to timeously provide stakeholders and clients with expected outputs. As we continue to assist South African farmers to apply rapid responses to secure their crop at an affordable production cost, the challenges that small grain farmers and our food security are facing, are dynamic, but they are constantly changing. This can be frustrating at times to affected groups. One of the effective action plans that ARC-SGI is putting in place, is partnerships, co-operation and multi-institutional and public or public-private partnerships.

As we move forward, we are even more committed in working together with our partners and role players to continue to develop solutions for the sector to benefit all small grain farmers, whether it is large commercial farmers or smallholder farmers, including emerging farmers. We also continue to function along the lines of CIMMYT to bring all national and international public and private partners on board.

The end-point levy system, as signed by the Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, will provide a new return on investment for breeding programmes. The system is envisaged to attract even more investments in research and development. More good news for

Under new leadership, the emphasis of ARC-SGI is *"to broaden and increase the research focus with a deep commitment to public good research, access for qualified researchers and excellence in research and development. Align the institute focuses with the needs of South African residents and its small grain industries."*

*"Aligned to the ARC Vision 2050, SGI is currently engaging its stakeholders in a consultative and highly inclusive strategic planning exercise that calls for a rejection of complacency and research culture change to meet the small grains' challenges."*

South Africa is that the requirements for releasing new cultivars have been relaxed to accommodate the long overdue need of releasing high-yielding cultivars.

At our annual Planning Committee meeting during July 2016, our researchers presented their annual progress reports and proposals for new projects. All role players and stakeholders made inputs on the research and development agenda. What we have learned is that people want ARC-SGI to be exceptional. There is genuine affection and grass roots support for the research conducted. We will continue to invite all role players, debate research challenges and get clarity, knowledge and scientific advice in the presence of all, for the benefit of the whole industry.

With more opportunities ahead of us, we are geared towards science based research picking up the pace as we strive to achieve a new level of excellence in research and development and reaching out to all South Africans. ♡

groeï slim  
grow smart



 **SmartFarm**  
Inspired

**syngenta**<sup>®</sup>



# Commercial wheat quality analysed

The national whole wheat protein average of 12,8% in the 2015/'16 season was the best since the excellent 2004/'05 season. The Free State production regions had the highest average protein content of 13,2%.

## Johann van Zyl

**"THE HIGH PROTEIN** average can be attributed to the drought conditions during the season," Wiana Louw, manager of the Southern African Grain Laboratory (SAGL), said at the Wheat Forum meeting in October. "The percentage of samples having protein contents of more than 13% increased significantly from 16,4% and 18,3% the preceding two seasons to 43,2% this season."

Protein content is generally a function of soil and climatic conditions and fertiliser treatment.

Louw referred to the South African Wheat Crop Quality Report (2015/'16 recently published) and said that the country's average dryland yield decreased from 2,66 t/ha in 2014/'15 to 2,04 t/ha in 2015/'16. The irrigation yield also decreased from 6,36 t/ha to 5,94 t/ha. Wheat contributed 77% to the total winter cereal crop production in the country this season and was planted in 28 of South Africa's 36 crop production regions.

The six most popular wheat cultivars the past season, based on wheat seed sold by commercial grain silo owners to wheat producers in the 2015 planting season, were SST 056, SST 087, SST 0127, SST 015, SST 88 and SST 884. More than 40 cultivars were sold.

The most preferred cultivars in the different regions according to cultivar identification were:

- SST 88 and SST 087 in the Western Cape;
- SST 884 and PAN 3471 in the Vaal and Orange River areas;
- SST 843 and SST 884 in North West;
- SST 884 and SST 875 in regions 21-24 of the Free State;

- SST 884 and SST 835 in Gauteng, Mpumalanga, Limpopo and KwaZulu-Natal.

Louw said that South Africa has three major wheat-breeding programmes and that new or introduction cultivars can only be released for planting if it has better agronomical flour quality characteristics than the cultivars planted commercially in a specific area. Quality analysis is done on all first, second and third year trials of the wheat breeding programmes. Provisional classification is based on a minimum of two years' data over at least five localities.

Final classification is based on three years' cultivar and quality standard data from five localities. The report format allows comparison between a line and the standard for a region and the qualities of different lines. "We have 11 lines for final release, 16 lines for preliminary release and 39 lines for first year analysis at the moment," Louw said.

The classification of wheat cultivars has the provision of new cultivars in mind that perform well agronomically and possess suitable milling, rheological and baking characteristics. Wheat breeders, millers and bakers are involved to ensure market-directed and quality-driven wheat production. Classification norms and standards are given to breeders in an attempt to provide them with guidelines that should stand the test of time.

\* SAGL, an ISO 17025 accredited testing laboratory, was established in 1997 on request of the SA grain industry. It participates in 16 international and one local proficiency testing schemes as part of ongoing quality assurance procedures to ensure international comparability and technical competency. ♻️



Luan van der Walt (Grain SA), Ishmael Tshiame (Grain Farmer Development Association) and Nico Hawkins (South African Grain Information Service) in conversation at the recent Wheat Forum meeting in Pretoria.



Wiana Louw (Southern African Grain Laboratory) and Dirk Kok (Sacota) sharing views on the local wheat industry.

## TRUST BURSARIES BENEFIT INDUSTRY

The Winter Cereal Trust has spent millions of rands over a period of several years to ensure appropriate research and a constant stream of well informed newcomers to the industry.

"The Winter Cereal Trust Bursary Scheme has helped several students to do important research," Dr Simon Letsoalo, WCT administrator, told industry leaders at the recent Winter Forum meeting. "Selected MSc students now get R73 300 per annum each and PhD students get a valuable R89 590 per student."

Ten MSc students and two PhD students received bursaries to the value of R912 180 from the Trust this year.



foto: Jaracal.com



Vals-kommandowurm se mot.

# Vals-kommandowurms se getalle wissel: Meer van een, minder van die ander

Die vals-kommandowurm is steeds met ons en wissel in getalle net soos die weerstoestande kan wissel. In die afgelope paar jaar het hoë motgetalle by tye voorgekom maar dit kan nie altyd aan uitbrake gekoppel word nie. Vanjaar is daar minder motte as voorheen, maar dit wil voorkom asof daar meer larwes is en die situasie sal dopgehou moet word.

## Dr Goddy Prinsloo

LNR-KLEINGRAANINSTITUUT

## Dr Hannalene du Plessis


NOORDWES-UNIVERSITEIT

## Johnny Molomo


GWK, DOUGLAS

**V**ALS-KOMMANDOWURM IS reeds lank in Suid-Afrika teenwoordig. Voorheen het almal daarna verwys as die vals-bolwurm, aangesien hulle dikwels op die voerpunt van mieliekoppe gevind word waar hulle aan die blare en punt van die kop vreet. Die larwes het nooit noemenswaardige skade aangerig nie totdat dit onverwags en onopsigtelik gedurende 2010 op koring en gars in die besproeiingsgebiede van die Noord-Kaap en Noordwes uitgeslaan het. In 'n tydperk van drie weke het hierdie larwes ongeveer R8,5 miljoen skade op 2 000 ha gars aangerig. Sedert 2013 het die LNR-Kleingraaninstituut die plaag se motvlugte begin monitor om vas te stel of daar met behulp van die lokvalle 'n vroeë waarskuwingstelsel ontwikkel kan word. In hierdie stadium wil dit voorkom asof 2010 se uitbraak 'n eenmalige gebeurtenis kon wees, maar dit kan nie met sekerheid gesê word nie.

Reeds in September vanjaar is elders berig oor data van die aflope drie jaar. Tot vyf groot vlugpieke kan jaarliks voorkom. Die pieke kom dikwels in dieselfde tydperk voor, maar tussen jare kan hulle met tot 30 dae vorentoe of terugskuif. Dit is baie belangrik as in ag geneem word dat, indien pieke met 30 dae aangeskuif word, hulle 'n groot uitwerking aan die einde van die klein-



Figuur 1. Douglas motgetalle per dag vir 2015-2016.



Figuur 2. Bull Hill motgetalle per dag vir 2015-2016.

graan-groeienseisoen op veral gars net voor strooptyd kan hê. Deur vroeër in die groeienseisoen voor te kom, kan hulle egter ook 'n groter uitwerking op jonger koring hê. Gevolglik is dit steeds belangrik om die gebeure te monitor.

## Invloed van klimaatsverandering

Wanneer 2016 tot dusver ontleed word, kan die droër klimaat die plaag wesenlik beïnvloed. In Douglas was daar aan die einde van Mei vanjaar 'n redelike sterk motvlugpiek van net minder as 300 motte per dag. Dit het daarna afgeskaal

tot minder as 50 motte per dag waar dit steeds in Oktober was (Figuur 1). Hierdie patroon verskil heeltemal van 2015 se patroon toe 'n vlugpiek van meer as 150 motte per dag aan die einde van September aangeteken is (Figuur 1).

By Bull Hill aan die onderpunt van die Vaalharts-besproeiingsgebied is 'n vlugpiek van 120 motte per dag gedurende Junie 2016 aangeteken (Figuur 2). Daarna het die getalle afgeneem tot ongeveer 80 per dag, wat weer eens minder is as 175 per dag wat verlede jaar aangeteken is (Figuur 2).

By Hartswater het vanjaar net een

piek van ongeveer 80 motte per dag aan die begin van September voorgekom (Figuur 3). Dit het egter afgeneem tot die huidige 50 motte per dag (Figuur 3). Gedurende 2015, tussen Junie en Desember, het ongeveer vier vlugpieke van tussen 60 en 80 motte per dag voorgekom, wat aansienlik meer is as die huidige (Figuur 3).

By Viljoenskroon is gedurende die begin van Junie 'n piek van 50 motte per dag aangeteken wat daarna afgeneem het tot ongeveer 20 motte per dag, waar dit tans verkeer (Figuur 4). Dit is aansienlik minder as die ongeveer 170 motte per dag wat in Oktober 2015

aangeteken is (Figuur 4).


Die vier figure se inligting laat dit lyk asof of alles rustig en stil is en daar nie rede is vir kommer oor 'n uitbraak nie. Gedurende die tweede week van Oktober 2016 is die gebruikelike opname uitgevoer van vreetmerke en larwes wat in die graan in Vaalharts en Taung se gebiede teenwoordig kan wees. Agtien landerye uit die gebiede is ondersoek en by altesaam ses van hulle is larwes gevind, wat 30% van die landerye verteenwoordig. Dit is heelwat meer as die ongeveer 18% van landerye waar larwes verlede jaar gevind is. Vanjaar is drie tot vier larwes per 20 hale met 'n veenet gevind teenoor die

een tot twee larwes van verlede jaar.


Afgesien van groot motvlugpieke wat gedurende September en Oktober 2015 voorgekom het, het groot uitbrake nog nie weer plaasgevind nie. Slegs 'n klein uitbraak het gedurende November 2015 op 'n plaas in die Sand-Vet-besproeiingskema op koring voorgekom wat wel skade veroorsaak het.

**Wat produsente te doen staan**

Die huidige toestand laat 'n mens aan die spreekwoord dink wat sê "stille waters, diepe grond, onder draai die duivel rond". Die onwaarskynlike blyk waar te wees, naamlik hoe minder motte, hoe meer larwes. Wanneer die meegaande grafieke ontleed word, was daar tot dusver een uitskieter-piek in elke gebied. Die invloed van die droogte het tot gevolg dat spilpunte die enigste groen gebied in die omgewing is en gevolglik as "voerplek" vir insekte dien, maar die "dood" vir die produsent kan beteken. Moet gevolglik nie té gerus wees nie en let op vir vreetmerke. 'n Verdere opmerkbare verskynsel is opslag-mielies wat redelik gevreet is. Dit stem in 'n mate ooreen met plante wat in 2010 tot 2012 gereeld om lande gevind is.



Figuur 3. Hartswater motgetalle per dag vir 2015-2016.



Figuur 4. Viljoenskroon motgetalle per dag vir 2015-2016.



Vreetmerke aan koringplante.

**Nawerking van chemiese beheer**

Hou egter in gedagte dat die middels wat vir die bespuiting van vals-kommandowurm gebruik word lang onthoudingstydperke het. Dit kan veroorsaak dat residue op die graan mag voorkom as dit kort voor strooptyd gespuit word. Let op dat gars veral nie te kort voor strooptyd bespuit mag word nie.

Vir meer inligting kan Goddy Prinsloo gekontak word by 082 875 3401 of [prinsloogj@arc.agric.za](mailto:prinsloogj@arc.agric.za).



Vreetmerke aan opslag-mielieplante.

# International focus on SST843's unique attributes



**UNUSUAL ATTRIBUTES OF** Sensako's wheat cultivar SST843 and its complex genetic background are studied with an international partner to identify key genes involved in its development and performance. The cultivar is known to have a very short growth period, normally does not adhere to the usual negative correlation between yield and grain protein content and does not show severe yield penalisation under mild drought conditions.

The Winter Cereal Trust's Technical Committee approved the combined application from Sensako and GrainSA during 2015 to study the phenomenon of SST843. It was the first time that a joint project with an international research institution – where most of the research was to be carried out by the international partner – was funded by the Trust. The latter

achievement will enable South Africa's wheat breeders to manipulate genes. The international partner is Flinders University in Adelaide, Australia.

The Australian Research Council (ARC) Industry Linkage grant programme was also approached to fund Sensako's project. This funding scheme from the Australian Government requires a cash and in-kind contribution from the industry partner(s). The project thus allowed the Winter Cereal Trust to get access to research capacity not available in South Africa, as well as access to substantial additional funding of projects that will improve the research outputs of South African breeding programmes. The total funding obtained from the WCT was in excess of R1 million and from Australia's ARC in excess of R3 million. ♡

## Preliminary results confirm performance

**Dr Francois Koekemoer**  
SENSAKO


**BREAD WHEAT IN** South Africa represents an isolated gene-pool that has been selected, adapted and bred for specific local environments. The cultivar SST843 has a unique genotype which differs from Australian, Mexican (CYM-MIT) and other SA germplasm. Plants of SST843 have a significantly shorter period until flowering and maturation, regardless of day length and temperature. This unique early-flowering trait has a clear genetic background inherited by plants in the five studied breeding lines derived from SST843. No obvious penalty in seed yield has been observed in SST843 plants.

A gene cascade controlling the traits of flowering time and tillering were studied, where three major genes were shown to be highly expressed in the vegetative stage of development in SST843

plants and its five sibling lines, initiating the earlier start of tillering and flowering.

Plants from SST843 and five pedigree-related breeding lines showed greater tolerance to drought, based on the phenotypic observation of a reduced susceptibility to leaf wilt compared to other studied genotypes. Molecular examination of candidate genes involved in drought tolerance in SST843 is scheduled for future study. See the reaction of SST843 in **Figure 1**.

Based on experiments in hydroponics, the SST843 genotype can be deemed the most salt tolerant compared to all other studied wheat accessions in regard to relative plant growth. Plants of SST843 did not produce the highest root and shoot biomass in favourable non-stressed (control) conditions, but their loss of biomass (percentage of reduction)



**Figure 1. Images of representative plants from studied lines under mild drought conditions. (A) Non-pedigree related genotypes from Sensako; (B) Non-pedigree related genotypes from other companies; (C) Breeding lines originated from SST843. The cultivar SST843 is underlined.**




Figure 2. Salinity tolerance estimated as the percentage of biomass reduction in plants grown in salt stress, compared to control conditions. Data for roots and shoots are presented separately. Bars for SST843 are shown in a darker colour. Data for salt stress statistically differ from control.

\*  $P < 0.05$ ; \*\*  $P < 0.01$ ; ns = not significant, using Student's t-test ( $n = 6$ , for each genotype, in each experiment).

in salt-stressed conditions was minimal compared to the other wheat studied. See **Figure 2** for the preliminary results.

Expression of Aox1 gene in leaves, but not in roots, was strongly associated with the growth of the different genotypes. The highest level of Aox1 expression in the leaves of SST843 under salt stressed conditions compared to control (10.6-fold) was associated with the smallest shoot biomass reduction in the same conditions (31%). The alternative oxidase gene Aox1 is involved in the oxidative stress response that serves to detoxify aggressive radicals of Reactive oxygen species, which appear consistently under NaCl application. ♡

# VERHOOG JOU GRONDSTANDAARD

## ALTYD 'N OPLOSSING, ONGEAG DIE TOESTANDE

Jy is 'n boer.

**Te danke aan jou harde werk en toewyding, het duisende mense elke dag kos op hulle tafels. Wanneer 'n probleem opduik, stel jy dit self reg, al is dit ook middernag.**

**Advanced Agri<sup>®</sup>, in samewerking met Idwala<sup>™</sup>, erken die onwrikbare gees van die boer met die bekendstelling van ons nuwe EcoCal<sup>™</sup> kalsiumbasis, verkorrelde grondbehandeling. Net soos die boer die ervaring het om te volhard onder moeilike en veranderende omstandighede, is ons produkte ontwerp om jou by te staan om die ideale balans in jou grond te bewerkstellig, ongeag of saai-gewasse, permanente gewasse of weiveld aangeplant word.**

**Die EcoCal<sup>™</sup>-produkreeks bestaan uit gespesialiseerde, ultrafyn grondbehandelings wat die samestelling van die grondstruktuur kan verander om die opname van plantvoedingstowwe te optimaliseer.**

**BETER OPBRENGSTE, BETER KWALITEIT EN GROTER WINS.**

**Ons werk met verskeie grondtipes, gewasse en omstandighede om jou gemoedsrus te bied en jou toe te laat om aan te gaan met die veeleisende werk van 'n boer.**

[www.ecocal.co.za](http://www.ecocal.co.za)

+27 (0)16 932 2246

[sales@ecocal.co.za](mailto:sales@ecocal.co.za)



# Long term objectives in SST843 research

ANALYSIS OF MECHANISMS FOR ULTRA-SHORT VEGETATION HABIT AND EFFECTIVE NUE IN SST843

Dr Francois Koekemoer

**Dr Francois Koekemoer**  
SENSAKO

**B**ESIDES TRADITIONAL GROWING plants in pots and containers, the robotic conveyor system of the Plant Accelerator in Adelaide, Australia, will be used for phenotyping plants in this project. The exact differences between the growth habits of SST843 plants and standards will be determined, because in the Plant Accelerator everything can be controlled which influence the growth of a wheat plant, such as temperature, sunlight intensity and water. Further, a robotic system handles the measurements and can be done almost on a per minute basis for 24 hours. For genotyping, candidate genes in SST843 controlling the phenomenon of the cultivar will be analysed.

For the determination of the ultra-short vegetation habit and to get interpretable results, an appropriate control line (another line with normal vegetation length) must be included. Further it is suggested to have a double set of controls: the first line should be a direct parent or close pedigree of SST843, while the second control line should be non-related genotype. The researchers expect to receive results indicating on which stage of ontogenesis the plants start to grow differentially. It may be on germination, at a very early growth stage of the young seedling, young plants, matured vegetative stage, tillering, anthesis/post-flowering or seed-set/maturing stage.

## Nitrogen, irrigation and genetics

The excellent performance of SST843 in grain yield and quality can possibly be related to Nitrogen Use Efficiency (NUE), but solid proof for this is necessary. It is suggested to have three treatments with nitrogen: low (or minimal) nitrogen, average (standard) nitrogen and high supplementary of nitrogen to plants of

SST843 and both controls.

The idea of the experiment is to compare how growing curves of SST843 plants are different, depending levels of nitrogen in soil compared to the control lines. Additionally, sources of the nitrogen have to be checked carefully.

Reduced irrigation can significantly affect yield when compared to well-watered conditions, which is related to drought tolerance and its effect to seed yield and quality. All experiments described above are supposed to carry out in well-watered conditions. The researchers are intending to carry out one more experiment with drought.

At least three rounds of ICP-analysis (Inductively coupled plasma mass spectrometry – ICP-MS) of elements (including nitrogen) are needed to see how nitrogen and other elements are accumulated in plants. This will indicate the differences in element accumulation and NUE in SST843 and control lines in different stages of the ontogenesis.

Regarding the molecular-genetic study of ST843 compared to control lines, all experiments described above would only tell half of the story, if researchers cannot identify key-gene(s) controlling the superior

phenomenon of SST843.

For example, genes controlling ultra-short growth cycle (USGC) and NUE can be related to each other but might be expressed co-incidentally. Drought experiments represent independent study, which again maybe, but maybe not related to USGC and NUE. Excellent and stable performance of SST843 during several years indicates for strong genetic control of the trait. There are many structural genes, well-studied and expressed in response to abiotic stresses, such as aquaporins for drought and ion channels for salinity. However, regulatory genes can play a much more important role in the response of plants to the stresses.

Once most suitable candidate gene has been identified, the researchers can plan to prepare genetic construct and make a genetic transformation in other wheat, as well as barley, rice and/or model plant Arabidopsis for testing of the working hypothesis. But expression analysis of the transgene and performance of the transgenic plants could give the researchers very solid results to confirm a role of the candidate gene(s) responsible for USGC and NUE phenomenon in the superior cultivar, SST843. ♣



# PRODUKTE VAN KORING

**Sanet Flynn en Nico Hawkins**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

**STATISTIEK VAN DIE SA** Graaninligtingsdiens toon dat bykans 40 miljoen brode weekliks van 1 September 2015 tot 31 Augustus 2016 gebak is. Daarvan was bykans ewe veel wit- en bruinbrode gebak.

SAGIS se ontleding van die tydperk 1 September 2015 tot 31 Augustus 2016 toon die volgende:

## Koringmeel

- 3 151 986 ton heelgraan is gemaal.
- Hieruit is 3 137 080 ton koringmeel, semolina en afvalprodukte (semels) vervaardig (**Tabel 1**).
- Witbroodmeel het 35,5% (1 113 522 ton) van die totale meelproduksie uitgemaak, koekmeel 26,1% (819 800 ton) en bruinbroodmeel 12,7% (399 615 ton) (**Figuur 1**).
- Semels, waarvan die meeste weer vir bruinbroodproduksie ingemeng word, beloop 20,0% (627 587 ton) van die totaal.
- Heelgraanmeel, semolina en bruinmeel verteenwoordig saam sowat

1,1% van die totale koringmeelprodukte wat geproduseer is.

- Gedurende die tydperk van twaalf maande is 302 ton koringprodukte ingevoer en 572 ton uitgevoer.

## Panbrood

- 2 059 272 604 panbrode is gedurende die tydperk gebak. Dit is sowat 172 miljoen brode per maand of 39,6 miljoen brode per week (**Tabel 2**).
- Witbrood het 49,7% (1 023 679 565) van die totale aantal gebakte brode verteenwoordig, gevolg deur bruinbrood 48,6% en heelgraanbrood 1,6%.
- Die eenhede van 700 g is die gewildste grootte by beide wit- en bruinbrood. Die ongespesifiseerde gewigte ("ander") is by volkoringbrood (heelgraan) die gewildste (**Figuur 2**).
- Volgens Statistieke SA was 'n witbrood van 700 g in September 2016 sowat 11,35% duurder as in die vorige jaar. 'n Bruinbrood van 700 g was sowat 15,10% duurder as 'n jaar gelede.


Meer inligting kan op SAGIS se webtuiste [www.sagis.org.za](http://www.sagis.org.za) verkry word. 🍞

**Tabel 1. Koringprodukte per maand vervaardig.**


	Maand Aug '16	Totaal Sep '15 - Aug '16 vervaardig	% van totaal
Ton			
Koekmeel	76 702	819 800	26.1
Bruisemeel	1 920	16 141	0.5
Witbroodmeel	98 203	1 113 522	35.5
Bruinbroodmeel	38 597	399 615	12.7
Ander meel (Industrieel)	12 793	141 390	4.5
Heelgraanmeel	159	3 120	0.1
Semels	57 961	627 587	20.0
Semolina	1 228	15 905	0.5
Totaal	287 563	3 137 080	100.0

**Tabel 2. Pangebakte brode.**

	Totaal Aug 2016	% van maand totaal	Progressief	% van totaal
	Eenhede	Eenhede	Sep '15 - Aug '16	Eenhede
<b>Witbrood</b>				
400 g	247 194	0.1	2 466 219	0.1
600 g	15 296 115	8.5	183 725 224	8.9
700 g	72 690 412	40.5	828 492 561	40.2
Ander	884 867	0.5	8 995 561	0.4
Totaal: Witbrood	89 118 588	49.6	1 023 679 565	49.7
<b>Bruinbrood</b>				
400 g	87 179	0.0	1 135 997	0.1
600 g	18 634 352	10.4	209 868 508	10.2
700 g	66 881 847	37.2	769 414 723	37.4
Ander	1 719 886	1.0	20 047 535	1.0
Totaal: Bruinbrood	87 323 264	48.6	1 000 466 763	48.6
<b>Heelgraan</b>				
400 g	2 097	0.0	28 730	0.0
600 g	42 256	0.0	502 760	0.0
700 g	786 910	0.4	8 662 134	0.4
Ander	1 996 654	1.1	22 790 115	1.1
Totaal: Heelgraan	2 827 917	1.6	31 983 739	1.6
<b>Ander</b>				
400 g	8 899	0.0	90 796	0.0
600 g	34 399	0.0	368 863	0.0
700 g	42 804	0.0	586 140	0.0
Ander	262 915	0.1	2 096 738	0.1
Totaal: Ander	349 017	0.2	3 142 537	0.2
Totaal	179 618 786	100	2 059 272 604	100



**Figuur 1. Koringprodukte - Jul '15 tot Jul '16**



**Figuur 2. Pangebakte brood per gewig - Jul '15 - Jun '16**



# SA landbou floreer vóór die droogte

Suid-Afrikaanse landbou was in die dekade tot voor 2015 se droogte een van die wêreld se groei-presteerders en het beter as lande soos die VSA en Australië se landboubedrywe gedoen.

**IN DIE DEKADE** van 2004 tot 2014 het Suid-Afrikaanse landbou die vinnigste naas landbou in China en Chili gegroei, sê prof Ferdi Meyer, direkteur van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP).

Hy was 'n spreker by die Atlanta Boerevereniging van Beestekraal in Noordwes se kleingraandag waar koring- en garsverbouing in die kollig was. Onder die plaaslike landboubedrywe was produksietoename by lewendehawe die grootste, gevolg deur intensiewe boerderygewasse soos groente en laastens deur graangewasse.

Met 'n uiteensetting van die bevolkingsgroei en inkomstegroeperings se besteding, het prof Meyer gesê die BFAP se navorsing toon dat kleinboere nie die toenemende stedelike bevolking kan voed nie. Hierdie voedingsbehoefte moet deur kommersiële boerderye gevul word. Die middel-inkomstegroep, wat uit sowat 52% van die Suid-Afrikaanse bevolking bestaan, vorm 'n groot koopkrag van landbouprodukte. Hulle be-

staan uit sowat 20 miljoen volwassenes en verdien naastenby 27% van die totale inkomste.

Onder die graangewasse was kanolase produksiegroei in die afgelope vyf jaar die vinnigste, gars het met minder as 1% toegeneem en koring, suikerriet, witmielies en grondbone is onder die graangewasse wat nie toegeneem het nie.

By gars word 'n sterk aanvraag en hoër verbruik voorsien asook 'n geringe toename van ingevoerde gars. Gars se produksie neem ook toe weens hoër opbrengs van beter kultivars. Weens die vraag na koring wat sterk kan bly, sal invoer toeneem omdat plaaslike aanplantings afneem en meer koringhektare na gars kan skuif.

Uit die oogpunt van die Nasionale Ontwikkelingsplan se doelwitte was dit volgens prof Meyer bemoedigend dat die meeste landboubedrywe wat besproeiing gebruik, arbeidsintensief is en produkte met hoë waarde produseer, toegeneem het.

Oor koring se invoertarief en die styging van broodpryse het prof Meyer beklemtoon dat daar 'n klein ooreenkoms tussen die koringprys en die broodprys bestaan. Volgens die BFAP se berekening styg 'n standaardbrood van 700 g se prys met 0,23% wanneer die Safex-koringprys met 10% styg.

Die koringtarief is ingestel om plaaslike produsente te ondersteun sodat hulle met goedkoper ingevoerde koring kan meeding en die oppervlakte onder koring dieselfde kan bly. Dit is veral in die Wes-Kaap belangrik waar die verbouing van alternatiewe gewasse minder is. In ander lande beskerm regerings hulle koringprodusente met byvoorbeeld versekeringspremies en met navorsing en ontwikkeling.

Koring se plaaslike waardeketting is volgens prof Meyer lank en ingewikkeld en lei daartoe dat koring se koste in die finale kleinhandelsprys van brood sowat 20% is. 'n Verandering in koring se invoertarief het gevolglik 'n geringe uitwerking op die broodprys. ♡

## Gars se potensiaal in besproeiingsgebiede steeds goed

**GARSVERBOUING SE POTENSIAAL** in noordelike besproeiingsgebiede is steeds goed en die SA Brouerye bewys hulle ondersteuning van plaaslike produksie deur uitbreidings soos die Alrode-vermoutingsaanleg, sê Gerhard Greeff, bestuurder van SAB Miller se landboudienste in Afrika.

Met die internasionale biermaatskappy AB InBev se oorname van SA Brouery is aan die SA regering bevestig dat

grondstowwe soos gars steeds plaaslik benut sal word. 'n Deel van die ooreenkoms bepaal dat produkte by kommersiële en kleinboere gekoop sal word en dat SA Brouery se ontwikkelingsplanne sal voortgaan.

Die gemiddelde garsopbrengs in nuwe verbouingsgebiede soos by Beestekraal is volgens Gerhard bykans op dieselfde vlak as by Koedoeskop en produksie sal gevolglik aangemoedig word.

### Koringtarief 'byt' SAB

Koring se invoertarief skep 'n ongunstige pryssituasie tussen die enigste aankoper, SA Brouery, en die plaaslike garsprodusente. Thinus van Schoor, hoof van SAB Miller se landbou- en vermoutingsbedrywe in Afrika, sê SA Brouery het verkies om die garsprys aan die koringprys te koppel, maar "nou byt die prys ons, redelik hard".

